

Geloof
dan

.....

HEB 11:1



Past Willie & Miemie Horne
(044) 696-5891

Heb 11:1 Die geloof ["faith" = versekering, belofte, oortuig.] dan is 'n vaste vertroue ["substance" = hoofbestanddeel, vermoë, versekering] op die dinge wat ons hoop ["hope" = verwagting, vertrou in.] 'n bewys ["evidence" = sekerheid, oortuiging, kwitansie] van die dinge wat ons nie sien nie.

9 Definisies van geloof.

1. Versekering van die dinge wat ons hoop.
2. Bewys (Kwitansie) vir die dinge wat ons nie sien nie.
3. Kansellasië van alle natuurlike wette. [Heb 11:5 Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuieis ontvang dat hy God behaag het.]
4. Die grondslag om God te behaag: [Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat **Hy is en 'n beloner is van die** wat Hom soek.]
5. Om die dinge wat nie bestaan nie, te roep asof hulle bestaan. [Rom 4:17b] [Heb 11:11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit belof het.
Heb 11:12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.]
6. Om die onsiende te sien: [Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.
Heb 11:14 **Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n** vaderland soek.
Heb 11:15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.
Heb 11:16 Maar **nou verlang hulle na 'n beter een**, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle

God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei.]

7. Versekering van God se getrouheid: [Heb 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, Heb 11:18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;

Heb 10:23 Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit belof het, is getrou;]

8. Verkryging van die dinge wat begeer word: [Heb 6:11 Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe;

Heb 6:12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is. Heb 10:35 Werp dan julle vrymoedigheid, **wat ‘n groot beloning** het, nie weg nie.

Heb 10:36 Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.

Heb 10:37 Want **nog ‘n klein tydjie**, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.

Heb 10:38 Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehoeftes in hom nie.

Heb 10:39 Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.]

9. Waarborg vir beantwoorde gebed: [Mat 21:22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.

Mark 11:22 Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet gloof in God hê.

Mark 11:23 Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg (jou probleem) sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê.

Mark 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; **want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.**

Jak 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—]



Die wet van geloof

Mat 8:13 Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.

Mat 9:29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof.

Mat 17:20 En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het **soos 'n mosterdsaad sal julle** vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en **niks** sal vir julle onmoontlik wees nie.

[**Niks** wat belowe is in God se woord en wat goed is vir Sy kinders]

Psa 34:11 Kaf. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

Psa 84:12 **Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade** en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.

Mat 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Joh 14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Joh 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

Joh 14:14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie.

Joh 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

Geloofstaal is positief en optimisties:

Num 13:30 "Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig." [want **GOD IS AAN ONS KANT!!!**]